



eduresourceza.com



INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

Tyd: 2 uur

100 punte

INLIGTINGSBOEKIE

VRAAG 1**BEGROTINGS****(30 punte; 36 minute)****Inligting aangaande Tank's Sportswear**

Tankiso Mayaba het Tank's Sportswear in 2018 as 'n alleenhandelaar begin. Hy verkoop hoofsaaklik handelsmerksportdrag aan die ouderdomsgroep 15 tot 45 jaar.

Hy is baie tevrede met hoe die onderneming gegroei het en sal die onderneming oor die volgende drie maande na 'n nuwe perseel in die plaaslike winkelsentrum verskuif. Hy moet ook 'n betaling van R90 000 op 'n lening doen.

Ten spyte van die verskuiwing en die leningterugbetaling bly hy optimisties en hy voorsien nie enige probleme om hierdie finansiële verpligtinge na te kom nie. Die redes vir Tankiso se optimisme is die volgende:

- Die huidige banksaldo is gunstig.
- Krediteure laat 60 dae toe om te betaal, maar Tankiso verkies om hulle vroeër te betaal om 'n goeie reputasie op te bou.
- Debiteure het 30 dae om te betaal, maar op hierdie stadium is die invordering van hierdie skuld baie stadig. Hy is vol vertroue dat hy hierdie probleem kan regstel.
- Hy beplan om genoeg voorraad vir twee tot drie maande te hou om hom in staat te stel om in die behoeftes van sy klante te voorsien.

Tankiso vra jou inset en voorsien jou van die inligting hieronder.

Tank's Sportswear
Syfers onttrek uit Finansiële State vir die jaar geëindig 31 Desember 2022

Verkope	R1 728 000
Koste van verkope	R1 152 000
Handelsdebiteure (op 31 Desember 2022)	R90 000

Verwagtinge en projeksies vir die volgende drie maande wat op 31 Maart 2023 eindig:

- Die huidige winsgrenspersentasie op koste sal gehandhaaf word.
- Vanweë die nuwe perseel in die winkelsentrum verwag Tankiso dat verkope in Januarie en Februarie 2023 sal toeneem en dan in Maart 2023 met 'n verdere R5 760 sal toeneem. Kontantverkope sal na verwagting steeds 50% van totale verkope uitmaak.

- Tankiso sal die debiteure aanmoedig om vroeër te betaal, maar hy verwag nie onmiddellike sukses nie.
 - 'n 5%-kontantkorting sal toegestaan word aan klante wat hul skuld betaal in die maand waarin die transaksie plaasgevind het. Hy verwag dat 50% van debiteure hiervan gebruik sal maak.
 - 45% behoort in die maand na die transaksie te betaal.
 - Die oorblywende 5% sal in die maand daarna as oninbare skuld afgeskryf word.
- 80% van die voorraad word op krediet gekoop.
- Voorraad wat verkoop is, word aangevul in dieselfde maand as waarin dit verkoop is. 'n Vaste voorraadbasis word van maand tot maand gehou.
- Tankiso beplan om alle handelskrediteure in die maand na die aankoop van voorraad te betaal.

Tank's Sportswear
Gedeeltelik voltooide Kontantbegroting vir die maande Januarie tot Maart 2023

	Januarie 2023 R	Februarie 2023 R	Maart 2023 R
Ontvangste			
Kontantverkope	?	90 720	A
Kontant uit debiteure	?	?	?
Betalings			
Kontantaankope van voorraad	23 040	B	24 960
Betalings aan krediteure	113 700	92 160	C
Trekkings	15 000	15 000	15 000
Leningterugbetaling	–	–	90 000
Rente op lening (15% p.j.)	2 375	2 375	1 250
Hervestigingskoste	45 000	–	–
Diverse bedryfsuitgawes	21 750	21 750	21 750
Kontantsurplus/(-tekort)	(48 425)	59 515	?
Saldo aan begin van maand	16 800	(31 625)	27 890
Saldo aan einde van maand	(31 625)	27 890	(42 946)

VRAAG 2

MAATSKAPPYONTLEDING

(50 punte; 60 minute)

Inligting aangaande Shoprite Holdings Limited



As groep is Shoprite Afrika se verbruikersgoedere-kleinhandelaar wat die vinnigste beweeg. Hul kernonderneming is voedselkleinhandel, aangevul deur meubels, farmaseutiese produkte, gasvryheid, kaartjieverkope, digitale handel en finansiële en sellulêre dienste.



Klantgerigte handelsmerke

Korporatiewe winkels

SHOPRITE**Usave****Checkers**
better and better**Checkers Hyper****OK**
Furniture
OK Power Express**House & Home****LiquorShop**
SHOPRITE**LiquorShop**

Digitale handel

Checkers SIXTY60

Sellulêr

k'nect
SHOPRITE

Farmaseuties

Medirite+
Pharmacy

OK Franchise division

OK Foods, OK MiniMark, OK Express,
Sentra, OK Liquor, Megasave (wholesale)**OK**
FRANCHISE DIVISION

Privaat handelsmerke

- Laeprys-leierskap (privaat supermarketikette): Ritebrand (Shoprite), Ubrand (Usave) en Checkers Housebrand (Checkers en Checkers Hyper)
- Beste waarde (handelsmerkprodukte): Pot-o-Gold (ingemaakte produkte), Farmer's Choice (pluimvee), Zip (gaskoeldrank), Lovies (doeke), Cape Point (bevrore seekos) en Foreign Ground (koffie)
- Gehalte-kruiskategorieë: gehalteprodukke binne een privaat etiket: Simple Truth, Forage en Feast
- Algemene handelsware: Essentials (klein toestelle), Ottimo en Platinum (gehaltetoestelle), Bushbaby (buitelugprodukte, tente en gazebo's), Jolly Tots (babatoebehore), Super Power (batterye) en Schultz (kraggereedskap)
- Vars voedsel: Bella Vita, Café Culture, Simply Great, Ready to Cook, Ready to Braai, Oh My Goodness
- Vrugte en groente: Freshmark, Padkos
- Meat Market: Championship Boerewors, Steakhouse Classic, Farmstead (vark), Kalahari Biltong, Old Smokehouse (gerookte produkte), Cattleman (bees), Dorsland Wors, Rooikrant Boerewors
- MediRite (gesondheidsprodukte)

Waardetoegevoegde handelsmerkdienste

Finansiële dienste en klantbeloningsprogram

MoneyMarket

Kaartjieverkope en gasvryheid

**COMPUTICKET**

Shoprite Holdings Ltd

Uittreksel uit die aangepaste Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 Junie:

	2021 R' miljoen	2020 R' miljoen
Verkoop van handelsware	168 030	155 409
Supermarkte (Suid-Afrika)	133 852	122 412
Supermarkte (Res van Afrika)	15 453	16 707
Meubels (Alle lande)	6 818	5 470
Ander verkope (Alle lande)	11 907	10 820
Koste van verkope	(126 817)	(118 145)

Ander relevante syfers:

	2021 R' miljoen	2020 R' miljoen
Rente-uitgawe	(3 095)	(2 878)
Wins voor inkomstebelasting	6 957	5 651
Netto wins vir maatskappy vir die jaar	4 859	3 376

Inligting oor aangepaste verhoudings en aandele vir die jaar geëindig 30 Junie:

	2021	2020
Tydperk voorraad voorhande	107 dae	
Gemiddelde krediteurebetalingstydperk	115 dae	
Gemiddelde debiteurebetalingstydperk	73 dae	
Getal aandele teruggekoop op 31 Des 2020	3 352 973	0
Prys betaal vir aandele teruggekoop op 31 Des 2020	R515 miljoen	
Aandeleprys op die JSE op 31 Des 2020	14 000 sent	
Getal aandele uitgereik op 30 Jun 2021	548 173 895	
Aandeleprys op die JSE op 30 Jun 2021	15 556 sent	
Tussentydse en finale dividende	R2 982 miljoen	
Dividend per aandeel	543,99 sent	
Verdienste per aandeel	?	
Opbrengs op aandeelhouersbelang	?	16%
Opbrengs op kapitaal aangewend	?	17%
Gemiddelde rentekoers op lenings	6,5%	8%



Shoprite Holdings Ltd
Aangepaste Staat van Finansiële Posisie soos op 30 Junie:

	2021 R' miljoen	2020 R' miljoen
BATES		
Nie-bedryfsbates	45 009	42 789
Bedryfsbates	32 057	39 937
Voorraad	18 396	18 845
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	3 921	4 106
Kontant en kontantekwivalente	7 950	12 114
Lenings ontvangbaar	283	229
Ander	1 507	4 643
TOTALE BATES	77 066	82 726
AANDEELHOERSBELANG	21 204	19 994
Aandelekapitaal	6 061	6 710
Reserwes en behoue inkomste	15 143	13 284
LASTE		
Nie-bedryfslaste	27 577	30 159
Bedryfslaste	28 285	32 573
Handels- en ander betaalbare bedrae	19 649	20 157
Bankoortrekkings	1 221	2 095
Kontrakverpligtinge	873	864
Huurverpligtinge	2 921	3 103
Lenings	2 999	3 183
Inkomstebelasting en voorsienings	622	3 171
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	77 066	82 726

VRAAG 3**VERSOENINGS****(20 punte; 24 minute)****Inligting aangaande Jack's Shisa Nyama**

Jack's Shisa Nyama is 'n klein restaurant wat slegs vir kontant verkoop. Hulle het slegs een krediteur genaamd AAA Meats wat hulle van vleis voorsien.

Let wel: Die beginsaldo van R8 650 op die staat hieronder bestaan uit R6 840 wat op 15 Mei 2022 gekoop is en die res is op 4 Junie 2022 gekoop.

		AAA MEATS Landmansdriptaas Dundee 3100									
Jack's Shisa Nyama Civinrylaan 1, Johannesburg			Rekeningno.: 4 231 Staatdatum: 27 Julie 2022								
DATUM	TRANSAKSIES	DEBIET	KREDIET	SALDO							
Julie 01	Beginsaldo			8 650							
05	Faktuur no. 1505	1 160		9 810							
06	Kredietnota 245		320	9 490							
07	Kwitansie no. 720		3 000	6 490							
07	Korting		240	6 250							
13	Faktuur no. 1802	13 410		19 660							
15	Faktuur no. 1910	2 560		22 220							
19	Kwitansie no. 990		4 500	17 720							
22	Faktuur no. 2121	1 850		19 570							
26	Kredietnota 880		840	18 730							
<table border="1" style="margin: auto; border-collapse: collapse;"> <tr> <td style="padding: 5px;">60+ dae</td> <td style="padding: 5px;">30+ dae</td> <td style="padding: 5px;">Huidig</td> </tr> <tr> <td style="padding: 5px;">-R900</td> <td style="padding: 5px;">R650</td> <td style="padding: 5px;">18 980</td> </tr> </table>						60+ dae	30+ dae	Huidig	-R900	R650	18 980
60+ dae	30+ dae	Huidig									
-R900	R650	18 980									
Kredietbepalings: - Alle skuld moet binne 30 dae na die datum van die staat vereffen word. 'n 8%-vereffeningskorting op betalings word toegestaan indien betalings binne 30 dae van aankoop gedoen word.											

Bykomende inligting om Vraag 3.2 te beantwoord

1. Die saldo volgens die Krediteuregrootboek in die boeke van Jack's Shisa Nyama op 31 Julie 2022 was R5 800.
2. Faktuur 1505 is verkeerd in die hulp grootboek opgeteken as R1 610.
3. Die transaksie van 6 Julie 2022 is verkeerd in die joernaal van Jack's Shisa Nyama ingeskryf as R430.
4. Die korting wat op 7 Julie 2022 toegestaan is, moes nie gegee gewees het nie.
5. Faktuur 1 802 op die staat was vir goedere wat deur Jack's Paints gekoop is.
6. Die EFO-betaling op 19 Julie 2022 en die faktuur op 22 Julie 2022 is slegs in die krediteuregrootboek ingeskryf. Dit is nie in die toepaslike joernale opgeteken nie.
7. Die korrekte bedrag vir kredietnota 880 op 26 Julie 2022 is R940. AAA Meats het erken dat hulle 'n fout gemaak het toe hulle die kredietnota uitgereik het en sal dit op die volgende staat regstel. Die KAJ vir Julie 2022 weerspieël die korrekte bedrag.
8. Die boekhouer van Jack's Shisa Nyama is daarvan oortuig dat hy nog 'n betaling van R5 000 vir 30 Julie 2022 vooruitgelaai het op die aanlyn bankplatform. 'n Ondersoek het getoon dat die betaling wel deurgegaan het op die aanlyn bankrekening. Geen boekhoudingsinskrywings is gemaak nie.